# Ma bly naby SA vrou in Thaise tronk

**Jackie Kruger**

Die ma van die Suid-Afrikaanse vrou wat in 'n tronk in Thailand 33 jaar tronkstraf vir dwelmhandel uitdien, beoog om vir die afsienbare toekoms in dié land aan te bly.

Lynn Blignaut, ma van die 23-jarige Ashley Oosthuizen, wie se lewenslange vonnis op 17 Augustus op appèl tot 33,4 jaar verminder is, is tans in Thailand.

"Ek sal bly so lank ek kan," sê sy in 'n WhatsApp-boodskap. "Ek het op die oomblik 90 dae en ek glo as dit langer moet wees, sal 'n volgende deur oopgaan.

"Ek het Woensdag getrek na 'n plekkie wat nader is aan Ashley en waar ek myself beter kan inrig."

Blignaut, wat oorspronklik van George is, is reeds die afgelope maand in die land en het die appèlverhoor bygewoon.

Ashley word in die sentrale gevangenis in Nachon Si Thammarat in die suide van Thailand aangehou.

Sy is op 8 Oktober 2020 in hegtenis geneem toe sy geteken het vir 'n pakkie wat geaddresseer was aan 'n vriend van die eienaar van 'n restaurant waar sy gewerk het.

Sy sê sy het nie geweet daar was dwelms in die pakkie nie en het skuld ontken.

Die restaurant het intussen sy deure gesluit.

Sy is 'n oudleerling van die Hoërskool Outeniqua in George. Sy is 2018 na Thailand en het eers by 'n kleuterskool en toe by die restaurant gewerk.

Blignaut het reeds aangedui dat daar teen die verminderde vonnis van 33,4 jaar geappelleer gaan word en dat hulle besig is met die proses.

Volgens die familie is Ashley onder meer betrokke by die biblioteek in die gevangenis en gaan dit goed met haar.



Lynn Blignaut en Ashley Oosthuizen.



EFF-lede dans, juig en sing "Kill the Boer" buite die hooggeregshof in Johannesburg, waar bevind is dat Julius Malema en die EFF nie haatspraak pleeg deur die lied te sing nie. Foto: DEAAN VIVIER

## OMSTREDE LIED BUITE HOF

# TikTok, YouTube verbied video

### 'Ideologie van haat,' sê gewilde platform

**Charles Smith**

'n Video van EFF-lede wat die strydlied "Kill the Boer" voor die hof sing pas nadat die gelykheidshof bevind het dié lied is nie haatspraak nie, is deur TikTok en YouTube verbied omdat dit wél haatspraak is.

"Jy kan nie dié str*** opmaak nie," sê die joernalis Renaldo Gouws in reaksie nadat sy video deur die twee sosialemedia-platforms verbied is. Die video is Donderdag voor die hof in Johannesburg gemaak van EFF-lede wat die lied sing.

TikTok sê in sy boodskap aan hom die video is verbied omdat dit " 'n ideologie van haat" bevat.

"Ideologieë van haat is duidelik vyandig teenoor mense," lui die verduideliking.

Gouws sê hy het geappelleer teen die beslissing van YouTube (hy het die video op al die platforms geplaas) omdat hy as joernalis oor die hofbeslissing verslag gedoen het.

"Hulle het my appèl van die hand gewys en beslis die videogreep van sewe sekondes van die EFF wat "Kill the Boer" sing, is haatspraak," lui sy inskrywing op Twitter waarby die video geheg is.

Dwaine van Vuuren het die boodskap gedeel met dié woorde daarby: "YouTube verban EFF se hofuitslagvideo omdat dit haatspraak is. Suid-Afrikaanse regter sê dit is nie haatspraak nie."

Khayelihle Ntu sê in sy reaksie dié lied gaan ons nie help om iets te bereik nie.

"Ons behoort ernstiger te wees oor dinge wat ons gemeenskap kan help om armoede in die land te beveg. Kom vorendag met vaardighede om ons mense te help. Ek kan nie sien hoekom ons die lied moet sing nie."

Arno Snyman het gesê hy het 'n brief geskryf aan die Vereenigde Nasies se Menseregteraad in Switserland oor die sing van "Kill the Boer" wat nou nie as haatspraak geag word nie.

Theo de Jager, hoof van die landbou-organisasie Saai, het in verwysing na die moord op Pieter van der Westhuizen deur plaasaanvallers geskryf die sing van "Kill the Boer" was vir sy familie, vriende en bure beslis nie net simbolies nie.

"Die boerefamilie in Suid-Afrika is diep teleurgesteld deur die hof se beslissing."

Van der Westhuizen is Vrydagaand by Zeerust vermoor twee dae ná die hofuitspraak en op dieselfde dag as die ANC se reaksie dat die lied nie tot die moord op boere lei nie.

Kallie Kriel, hoof van AfriForum, wat die saak teen die sing van die lied begin het, het in sy reaksie op Van der Westhuizen se moord gesê die regter het bevind "Kill the Boer" deur Julius Malema, leier, en die EFF is nie haatspraak nie. "Ek dink eerder dit is 'n beroep op die uitwissing van boere."

Kriel het die berig van Netwerk24 geheg aan die nuus van die jongste moord.

# 'Kill the Boer' lei tot brutaliteit, sê families

**Charles Smith**



Die begrafnisbrief van die Swanepoel-egpaar, Toon (72) en Rienie (70), wat in 2015 op hul plaas in Bainsvlei, Bloemfontein, vermoor is. Foto: ARGIEF

Plaasmoorde gaan nie oor honger en armoede nie. Dit is politici wat rassehaat op verhoë aanblaas en strydliedere soos "Kill the Boer" sing wat die moorde so brutaal maak, voer die families van slagoffers aan.

Die gelykheidshof se beslissing dat die EFF se sing van dié lied nie haatspraak is nie, het diep wonde onder die families oopgekrap. Hulle wonder of dit nog die moeite werd is om te probeer om brugbouers in die land te wees.

Danie Marais van Bloemfontein sê die familie van Toon (72) en Rienie (70) Swanepoel, wat in 2015 wreed op hul plaas in Bainsvlei buite die stad vermoor is, is uiters geskok oor die uitspraak.

Die egpaar is sy suster, Chrisna, se skoonouers. Sy swaer, Nico, is ná die moorde dood omdat hy nie hul dood kon verwerk nie en sy sukkel nou met haar gesondheid. Die kleinkinders sukkel ook emosioneel en die moorde het finansiële wonde gelaat.

"Ons land is in rou. Ons rou oor die verlede. Ons rou oor versoening. Ons rou oor beloftes. Dan kom uitsprake soos hierdie wat totaal en al onvanpas is. Dan dink 'n ou watter verliese was daar, in ons geval mense wat baie na aan ons was.

"Kort voor die moord op oom Toon en tannie Rienie was daar 'n EFF-saamtrek in die stad waar hierdie lied verskeie kere gesing is. Toe volg die barbaarse moorde. Daarna het Julius Malema ook mense in die stad aangehits," sê hy.

Malema, leier van die EFF, is weens die uitsprake aangekla. Die saak is intussen met 'n soortgelyke saak in KwaZulu-Natal saamgevoeg, het Donderdag geblyk.

Marais sê daar is 'n direkte verband tussen die aanhitsing van leiers en plaasmoorde.

"Die sing van 'Kill the Boer' is nou aan die orde van die dag, want dis mos 'n vryheidslied. Ek weet nie of daar iets van die vervolging (van Malema) gaan kom nie. As die beslissing op hoë vlak is dis 'n vryheidslied, gaan dit net bydra tot sy motivering van geen vervolg nie.

"Wat dra die sing van die lied by tot die sinvolle saamleef van alle Suid-Afrikaners en versoening? Daar is nie 'n afname in die moorde nie. Almal is bekommerd. Ons was pas in Namibië en almal is bekommerd oor Suid-Afrika. Hulle wil niks weet van ons land nie."

Marais sê ná die Swanepoelmoorde lees hy oor al die plaasmoorde. Dit gaan nie oor armoede of honger nie. Die moorde is brutaal en barbaars. Die egpaar is ingewag, toe brutaal verniel.




Elke boer se lewe maak saak, lui 'n plakkaat in Senekal op 16 Oktober 2020. Op dié dag het die EFF die lied "Kill the Boer" op die dorp gesing. Die gelykheidshof het egter beslis dit is nie haatspraak nie. Foto: CHARLES SMITH

"Moenie sê dis honger nie. Wat maak hulle so brutaal? Dit is politici wat van verhoë rassehaat aanhits. Ons mag nie 'Die Stem' sing nie. Hoekom geld dit net aan die een kant?"

Dit is sy hele lewe lank probeer hy 'n brugbouer wees.

"Ons probeer die gebeure agter die rug kry en vergeet en vergewe. Maar dan kom so iets? Dan vra jy hoekom? Hoe lank gaan ons stilbly en probeer brugbouers wees? As jy dié goed hoor en dink aan die brutaliteit, dan dink jy wat deur die slagoffers se kop gegaan het.

"Ons probeer regtig om van die land 'n beter Suid-Afrika te maak, maar hel, nee. Jou eie mense konfronteer jou hiermee."

'n Bewoë Joe Regal, boer en taksidermis van Odendaalsrus, het Vrydag gesê toe hy Nampo se muur besoek het, moes hy sien sy seun, Mark (50), se naam staan op die kant van die muur omdat die voorkant van die Vrystaatse suil reeds vol is.

Mark is op 11 November 2020 op Regal se plaas vermoor. "My hart breek vir almal wat deur 'n plaasmoord moet gaan. Daar is nie vir ons geregtigheid nie, maar Malema kan sing wat hy wil."

Hoewel Mark se vrou, Angela, een van die aanvallers doodgeskiet het, is niemand vir die moord vervolg nie.


WELKOM YIZANI

VOORMALIGE AANDEELHOUERS VAN WELKOM YIZANI BELEGGINGS (RF) EIENDOMS BEPERK (IN LIKWIDASIE)

KOM KRY JOU GELD

Sommige voormalige aandeelhouers in Welkom Yizani het nog nie hul dividende opgeëis nie. Media24 Beherend (Edms) Bpk, in samewerking met die likwidateur van Welkom Yizani, sien om na die belange van hierdie voormalige aandeelhouers en hou die onopgevraagde dividende namens hulle in veilige bewaring.

"Die geld behoort aan die voormalige aandeelhouers van Welkom Yizani. Ons doen 'n beroep op hulle om ons te kontak sodat hulle hul geld kan kry. Ons wil in hierdie moeilike ekonomiese tye alles in ons vermoë doen om te verseker hulle kry die geld wat hul wetlik toekom."

*Prof. Rachel Jafta, Voorsitter van Media24 Beherend (Edms) Bpk*

As jy, of iemand wat jy ken, tussen 2006 en 2021 Welkom Yizani-aandele besit het, en nog nie al jou dividende ontvang het nie, kontak ons asseblief by:

welkomyizani@singularservices.co.za

0860 12 12 24

Alle eise sal deur 'n proses gaan om regmatigheid daarvan te bevestig.

MEDIA24


# Comrades vir Bfn-egpaar se oorlede kind

**Marita Herselman**

'n Bloemfonteinse egpaar het gister trane van blydskap en verdriet gestort toe hulle ter ere van hul oorlede dogtertjie met 'n banier van haar oor die Comrades-marathon se eindstreep stap.

Vir Dewald (40) en Yolandi (37) Fourie was dit belangrik om die wedloop ter nagedagtenis aan Karla te voltooi om berusting te vind.

Sy is op 10 Desember 2009 dood nadat sy vyf dae tevore in hul swembad geval het. Sy was maar 22 maande oud.

Sy is uit die swembad gehaal en Dewald het ressussitasie op haar toegepas. Daarna is sy na die Life Rosepark-hospitaal gehaas, waar sy vyf dae in die waakeenheid was voordat haar ouers gehoor het sy is breindood.

Toe die Fouries die eindstreep gister ná 11 uur en 33 minute vir Karla oorsteek, het hulle berusting gevind, sê Dewald.

"Op 11 uur en 33 minute het ons vrede gemaak. Ons het twee ander dogtertjies en ons gaan nou vir hulle vorentoe leef. Dis vir ons belangrik dat hulle ophou sien dat ons seer het. Ons maak hierdie boek nou toe, maar ons sal haar nie vergeet nie."

Dewald is 'n takbestuurder by ICT Link en Yolandi 'n verhuringsagent by LeapFrog.

Hy het in 2018 vir sy vrou gesê hy wil dié uitmergelende wedloop van sowat 90 km die volgende jaar vir die tiende herdenking van Karla se dood voltooi. Yolandi het ingestem om dit saam met hom te doen.




Dewald en Yolandi Fourie gister in aantog na die eindstreep van die Comrades-marathon. Hulle het die wedloop ter nagedagtenis aan hul dogtertjie Karla voltooi. Die kruis wat Dewald vir die wedloop ter ere van aan Karla gemaak het, is onder die banier in sy linkerhand sigbaar. Hy het die kruis die hele wedloop in sy hand gehad. Foto's: VERSKAF

Hy is in 2018 geïnspireer deur Xolani Luvuno, wat dié wedloop tussen Pietermaritzburg en Durban met net een been voltooi het.

Hulle het toe daarvoor begin oefen, hy op 'n gewig van 145 kg. Hy het 40 kg afgeskud, en intussen nóg 5 kg.

Yolandi het sedertdien 14 kg verloor.

Dewald was voorheen 'n ywerige hardloper.

In 2019 is Yolandi drie maande voor die Comrades in 'n motorongeluk beseer en sy kon dit nie meer saam met hom doen nie.

Dewald sê hy het met die eerste probeerslag op 80 km die afsnytyd vir daardie been van die wedloop met twee sekondes misgeloop en kon dus nie voortgaan nie.

Daarna kon die wedloop weens die pandemie vir twee jaar nie plaasvind nie.

In 2020, nadat hy Covid-19 opgedoen het, kon hy nie verder as 3 km hardloop nie.

Vanjaar het die egpaar van Februarie af voluit vir dié wedloop begin oefen. Hulle het tot voor die wedloop sowat 1 200 km kafgedraf.

Hulle het einde April by die Centre City Titaniums Athletics Club aangesluit om hulle vir dié taak te help voorberei.

Die paartjie is ook ywerige fietsryers en het al onder meer die Kaapstad-fietstoer voltooi.



Yolandi Fourie saam met haar oorlede dogter, Karla.

Dewald en Yolandi het by die beginpunt van gister se wedloop elk vir Karla 'n geel ballon opgestuur.

Agter op hul hemde is 'n prent van Karla aangebring – dieselfde prent wat op die banier was wat hulle oor die eindstreep gedra het.

Hulle was regdeur die resies aan mekaar se sy.

'n Vriend van hulle het die banier sowat 1 km voor die eindstreep vir hulle gebring sodat hulle hul wedloop só kon voltooi.

Dewald het 'n kruis wat hy vir die wedloop ter ere aan Karla gemaak het, deur die hele wedloop gedra. Dié kruis, wat effens groter as sy hande is, gaan met sement aan haar grafsteen geheg word.

"Ek het vir haar (Yolandi) gesê ek's lief vir haar en sy het my gesoen. Ons het gehuil, mekaar gedruk en vasgehou," vertel hy van die oomblik toe hulle uiteindelik die wedloop vir Karla kon voltooi.




Die kruis wat Dewald Fourie ter ere aan Karla gemaak het. Dit sal by haar grafsteen aangebring word.

Dewald beplan om weer aan die wedloop deel te neem, met Karla se prent op sy rug.

"Dit (dié wedloop) sal altyd ter ere van haar wees."

Die egpaar se ander dogters, Kayla en Natasha, is nou onderskeidelik 15 en 11.

Natasha is op 2 Desember 2010 gebore en haar ouers het drie dae later, presies 'n jaar nadat hulle met Karla daar ingehardloop het, met hul jongste by dieselfde hospitaal uitgestap.

Dit is vir die egpaar 'n onvergeetlike gedagte.

"Twee uur later as wat ons met Karla ingehardloop het, het ons met Natasha uitgeloop."